

## **MAANDELIKSE NUUSBRIEF: MAART 2018**

**Geagte HSAG-belegger / Mnr. / Mev. / Mej.**

**Hierdie nuusbrief is aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappye 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.**

**Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word, is die [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting kan bekom.**

**Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.**

### **1. APPÈLUITSPRAAK KRUIP NADER**

Die HSAG se vasberadenheid om geregtigheid te laat geskied, het opnuut weer opgevlam toe die President van die Hoogste Hof van Appel (HHA) streng Aanwysings uitgereik het met betrekking tot die aanhoor van die Appèlle op 8 Mei 2018.

Nieteenstaande die President van die HHA se bevel ten aansien van die aanhoor van die Appèlle op 'n bespoedigde basis, het Mnr. Georgiou en sy span weereens probeer om die Hofproses uit te rek deur 'n uitgestel tot 'n latere datum te versoek. Die versoek is egter van die hand gewys.

Dit is vir die HSAG 'n sleutel oorwinning en verseker 'n stap nader aan finaliteit. Dit beteken egter nie dat die HSAG op hul louere kan rus nie! Die HSAG-regspan is hard besig om voor te berei vir die belangrike Hofdatum wat voorlê!

Indien Mnr. Nic Georgiou suksesvol sou wees met die Appèlle, en die HHA beslis dat Mnr. Nic Georgiou die klas-aksie regmatiglik teruggetrek het, sal dit verreikende gevolge vir klas-aksie gedinge in Suid-Afrika hê. Dit sal ook beteken dat hy skotvry en met miljarde-rande, wat beleggers in die mislukte HS 15 – 22 maatskappye inbetaal het, wegstap. Dit kan nooit toegelaat word nie en sal die HSAG tot die einde baklei om toe te sien dat geregtigheid geskied.

Die HSAG is daarom vasberade om die beste moontlike regspan Bloemfontein toe te stuur om die duisende beleggers te verteenwoordig. Een noodsaaklike vereiste ten einde die saak suksesvol af te handel, is die onvoorwaardelike ondersteuning van die HSAG-beleggers. Sonder hulle, sal daar nie 'n klas-aksie of sukses wees nie.

Ten spyte van die feit dat beleggers gefrustreerd, kwaad en moedeloos voel, moet beleggers vir eens en vir altyd besef wie die regte verraaiers is. Wie is die persone wat u geld gevat het? Wie is die persone wat tans teen u litigeer met u eie geld? Wie is die persone wat bereid is om sleutelpersone te betaal ten einde die klas-aksie te saboteer? Ons kan u die versekering gee dat ons deeglik bewus is van die omvang van hierdie saak en dat ons op 'n daaglikse basis met beleggers praat wat, net soos u

ook, angstig is dat die saak aangehoor moet word. U moet egter verstaan dat die wiel van geregtigheid stadig, maar seker draai!

Die realiteit van die saak is dat hierdie saak, u saak is. Sonder die noodsaaklike element van “gefokusde en positiewe ingesteldheid”, van al die HSAG-lede, sal ons nie hierdie Appèlle suksesvol kan argumenteer en afhandel nie. Tot op hede het die HSAG alle Aansoeke teen die Georgious gewen, en tel dit verseker teen hulle.

U ondersteun 'n wenspan, dit ten spyte van die feit dat Mnr. Nic Georgiou en sy trawante alles in hul vermoë doen om die klas-aksie, wat teen hulle gevoer word, te ontspoor.

'n Wenspan kan egter net 'n wenspan wees solank as wat daar lojale ondersteuners is. Mnr. Nic Georgiou, met die hulp van sy pionne, probeer alles in sy mag om die klas-aksie te ontspoor en om sy opponente te diskrediteer. In die proses poog hulle ook om HSAG-lede te ontmoedig om geloof in hul eie saak en in hul regsplan te hê. Die HSAG-ondersteuners kan verseker weet dat indien hulle nie in hul eie saak glo nie, die span nie gemotiveerd sal wees om hul beste te lewer nie.

Ons wil 'n ernstige beroep op elke HSAG-lid doen om die HSAG en die HSAG-regspan te ondersteun ten einde u saak voor die Hoogste Hof van Appèl te bring. Die ure wat in hierdie saak ingesit word, is onmeetbaar.

Ons kan u verseker dat die HSAG se regsplan deurlopend hul beste gee ten einde u saak suksesvol af te handel. Ons doen dus 'n beroep op u om ons te ondersteun en om seker te maak dat u ledebydraes op datum is ten einde te verseker dat ons die bes moontlike regsverteenvoering by die HHA het!

## **2. VERWARRING TUSSEN HSAG EN HSBF**

Alhoewel Mnr. Nic Georgiou en Mnr. Helgard Hancke dit hulle doel gemaak het ten einde HSAG-beleggers te verwar met hul HSBF, wat 'n nabootsing van die HSAG is, het die groot meerderheid van die HSAG-lede onmiddellik besef dat hierdie poging niks meer as 'n front vir Mnr. Nic Georgiou is nie.

Mnr. Hancke, wat voorheen betrokke was by die kommunikasie van die HSAG, het so te sê die hele konsep van die HSAG gekopieer en boonop die HSAG-ledelys, wat aan hom toevertrou was, onregmatig gebruik. Die twee name, naamlik die Highveld Syndication Aksie Groep (“HSAG”) en die Hoëveld Sindikasie Beleggers Forum (“HSBF”) het tot en met nou verwarring veroorsaak, wees egter gerus dat die HSAG **geensins** verbind is met Mnr. Nic Georgiou of die HSBF nie.

Die HSAG distansieer hom van enige van die ongegronde uitlatings wat die sogenaamde HSBF-bestuur (wat slegs uit Mnr. Helgard Hancke bestaan) maak en is ook geensins betrokke by die roekelose skikking wat die HSBF, namens Mnr. Georgiou/Orthotouch, tot nadeel van beleggers beding nie.

Die kern doelwitte van die onderskeie groepe word kortliks bevestig:

Aan die een kant, is een van die hoofdoelstelling van die HSAG om Mnr. Nic Georgiou en ander in die Hooggeregshof van Suid-Afrika te Dagvaar vir verliese gely in die mislukte HS 15 – 22 HS-Maatskappye. Sover, het die HSAG nog nie een enkele saak op meriete verloor nie en is ons oortuig dat dit so sal voortgaan.

Aan die ander kant, is die hoofdoelstelling van die HSBF om soveel as moontlik oningeligte beleggers te ontmoedig, en aan te moedig, om hul eise direk met Orthotouch (een van Mnr. Nic Georgiou se leë entiteite) te skik. Dit terwyl Orthotouch nie eers fondse het om sy maandelikse renteverpligtinge teenoor beleggers na te kom nie!

Die gevare met betrekking tot die HSBF-skikkingsvoorwaardes is dat:

- Beleggers aanvaar die A155 Reëlinskema, welke skema Mnr. Nic Georgiou en ander vrywaar van persoonlike aanspreeklikheid;
- Beleggers onmiddellik al hul eise teen Mnr. Georgiou en ander verloor en hul gevolglik moet hulle poog om hulle verliese by Orthotouch te verhaal;
- Beleggers nie sal kan steun op die ondersteuning van die HSAG nie;
- Beleggers geen fondse sal ontvang indien Orthotouch gelikwideer sou word nie;
- Orthotouch, tot datum hiervan, die beleggers totaal en al gefaal wat Opsie 2 asook die skikking deur die HSBF gekies het;

Die HSBF-skikking laat beleggers in die koue omrede Mnr. Nic Georgiou/Orthotouch doodeenvoudig nie hulle ooreenkomste eerbiedig nie.

HSAG-lede moet asseblief seker maak dat hulle met die regte groep korrespondeer indien hulle korrespondensie uitstuur of ontvang. Die HSBF het dit ten doel om verwarring onder ons volgehoue ondersteuners te saai, wees dus waaksaam daarteen!

### **3. DEBIETORDERFASILITEIT**

Die debietorder-vorms sal aan alle HSAG-beleggers gestuur word wat skriftelik aangedui het dat hulle by wyse van debietorder vanaf Maart 2018 wil betaal. Indien u kwalifiseer vir 'n maandelikse debietorder, moet u asseblief so spoedig moontlik u volle naam, van en identiteitsnommer stuur aan [hsagdebitorder@gmail.com](mailto:hsagdebitorder@gmail.com)

Na ontvangs van laasgenoemde aansoek, sal die HSAG dokumentasie aan u stuur wat u sorgvuldig moet invul en terugstuur per kerende e-pos, ten einde die HSAG in staat te stel om u debietorder-fasiliteit te aktiveer.

### **4. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS**

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook hul voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie gebruik, is uiters noodsaaklik. Indien 'n belegger 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie die nodige aandag geniet nie.

Bestaande e-pos adresse is as volg:

- [hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com) vir alle algemene navrae;
- [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) vir spesifieke navrae;
- [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) vir die registrasie van nuwe lede van die klas-aksie asook onttrekking van die HSAG;
- [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com) vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- [hsagdebitorder@gmail.com](mailto:hsagdebitorder@gmail.com) vir beleggers wat hul bydraes by wyse van debietorder wil betaal.

Besoek ook gerus ons webtuiste onder FAQ/VGV vir algemene vrae.

## **5. HSAG SE AMPTELIKE WHATSAPP-GROEPE**

Vir nuusbrokkies of nuusflitse per WhatsApp, is u welkom om aan te sluit by die HSAG se amptelike Whatsapp-groepe.

Stuur gerus u selfoonnommer; identiteitsnommer; volle naam en van, na [hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com) waarna u op die groepe gelaai sal word.

U kan ook direk kontak maak met die Administrateurs van die onderskeie WhatsApp-groepe by 079 635 4165 (Afrikaans) en 082 450 8854 (Engels).

Die HSAG het ook 'n amptelike facebook-blad, en kan by [www.facebook.com/hsaction](http://www.facebook.com/hsaction) besigtig word.

## **6. IS ORTHOTOUCH SE DAE GETEL?**

Ons is deur talle beleggers ingelig dat Orthotouch (weereens) versuim het om betaling te maak ingevolge die 50% / 55% Skikkingsooreenkoms. Hierdie skikking word deur mnr. Helgard Hancke geadministreer.

Beleggers is deur mnr. Helgard Hancke / Orthotouch ingelig dat betaling ingevolge die skikking gemaak sal word na die verhoor van Appèlle op 8 Mei 2018. Dit het as 'n groot verrassing en 'n skok gekom, aangesien die appèlle geen effek op die skikking tussen beleggers en Orthotouch sal hê nie.

Selfs indien die HHA uitspraak ten gunste van mnr. Nic Georgiou moet wees, is hy eerstens nog steeds verplig om betalings te maak ingevolge die Skikkingsooreenkoms

wat tussen die beleggers en Orthotouch bereik was. Tweedens, is hy steeds verplig om rentebetelings in terme van die Art155-skema van Reëlinskema te maak.

Ons het ook vertroulike inligting ontvang dat Orthotouch slegs sy verpligtinge teenoor beleggers kan nakom as mnr. Michael Georgiou vir Orthotouch in fondse plaas, wat al hoe moeiliker word. Blykbaar ondersoek die SAID ook die betalings aan beleggers.

Die enigste redelike gevolgtrekking wat mens hieruit kan maak, is dat Orthotouch in finansiële moeilikheid is en dat mnr. Nic Georgiou / Orthotouch, met die hulp van mnr. Helgard Hancke, weer probeer om sy verantwoordelikheid teenoor die beleggers te vermy.

## **7. HSBF SE ONLANGSE KORRESPONDENSIE**

Sommige beleggers het ons meegedeel dat hulle 'n "nuwe" skrywe vanaf die HSBF ontvang het. Die skrywe was egter vinnig vergete nadat die HSAG die goeie nuus met betrekking tot die Appèldatums aan die HSAG-beleggers oorgedra het.

Mnr. Helgard Hancke het 'n persoonlike aanval op die HSAG geloods ten einde die beleggers te ontmoedig om voort te gaan met litigasie teen Mnr. Nic Georgiou.

Die enigste doel van die onlangse skrywe, gedateer 3 Maart 2018, is om verdeling, wantroue en konflik onder die HSAG se getroue ondersteuners, voor die aanhoor van die Appèlle op 8 Mei 2018, te veroorsaak.

Indien die HSBF die HS-beleggers ontmoedig om voort te gaan met die beplande klas-aksie, sal dit die einde beteken vir beleggers om hul geld terug te eis.

Gerugte word deur Mnr. Helgard Hancke versprei dat buitensporige regs-kostes en sogenaamde kommissies gehef word. Hierdie gerugte is vals en ongesubstansieerd. Ten spyte van bogenoemde valse gerugte, het daar slegs enkele lede die HSBF-skikking aanvaar. Mnr. Georgiou het die HSBF in die lewe geroep nadat Mnr. Helgard Hancke na die Georgiou-kamp oorgespring het.

Die HSBF sal enige iets doen ten einde vas te stel hoeveel fondse in die HSAG se rekening is. Ons sal dit egter nie duld nie en is daar al in verskeie Nuusbriewe redes gegee oor hoekom die HSAG se finansies nie op hierdie stadium, weens strategiese redes, geopenbaar kan word nie.

Alle HSAG-gelde word in 'n aparte Prokureurstrustrekening gehou word, welke rekening jaarliks geoudit word. Kostekonsultante stel ons kosterekening op, wat voldoen aan die algemene regspraktyk.

'n Verdere bewering is dat die HSAG maand op maand slegs geld vra. Dit mag so wees, maar die HSAG bestaan uit 'n groep van duisende lede. Mnr. Helgard Hancke hoef seker net eenkeer te vra vir sy maandelikse betaling? Elke dag, week en maand is daar lede wat hul bydraes maak na aanleiding van ons versoeke. Die HSAG preek

nie vir die spreekwoordelike bekeerdes nie, maar wél vir diegene wat nie hul kant bring nie. Dit is nog steeds slegs honderde, en nie duisende, HSAG-lede wat die HSAG-saak getrou ondersteun indien ons opvragings maak nie.

Ons daag die HSBF uit om in hul volgende skrywe, die volgende vrae te beantwoord:

- Wat het met die R4.8 miljard van HS-beleggers geword?
- Hoeveel van die onskuldige beleggers se geld is al spandeer op Mnr. Nic Georgiou se regskoste?
- Hoeveel van die onskuldige beleggers se geld is al spandeer op Helgard Hancke, Elna Visagie, Herman Lombaard en ander se salarisse?
- Waarom was die HSBF-nuusbriefe op Orthotouch se amptelike webblad geplaas?

Ons kan u die versekering gee dat die HSAG die enigste aksie is wat beskou kan word as die weg waarlangs die beleggers hul geld kan terugeis.

Die HSAG is aan u kant. Ondersteun asseblief u eie saak deur ons te ondersteun!

## **8. PERIODIEKE OPVRAGINGS**

HSAG-lede weet al te goed dat hulle die lewensaar van die HSAG is. Die HSAG word gedryf deur individue wat nie die sukses van die afgelope drie jaar sou kon behaal het as dit nie was vir diegene wat getrou hul bydraes gemaak het, wat hul samewerking gee het en wat ons ondersteun het nie. Die beweegrede om 'n klas-aksie in te stel, was moontlik gemaak deur 'n belangrike HHA-uitspraak 'n enkele jaar voor die aanvang van regsaksie teen Mnr. Nic Georgiou en ander.

Die feite en omstandighede rondom die HSAG-saak is uniek, maar nie moeilik om te verstaan nie. Dit is oorwegend een van die redes waarom die teenstanders die sogenaamde Stalingrad-verdediging teen die HSAG gebruik. Dit is 'n strategie wat gebruik word om die eiser te ontmoedig deur enige iets wat die eiser doen, te bestry, met alle moontlike middels en om elke beslissing wat vir eiser gunstig is, te appelleer.

Hier stel die verweerder nie 'n verdienstelike saak voor nie. Hierdie taktiek of strategie is vernoem na die Russiese stad wat deur die Duitsers in die Tweede Wêreldoorlog beheer is. In die konteks van kommersiële litigasie, is Stalingrad-verdediging 'n basis vir die vermy van die aanspreeklikheid om die eisers te betaal.

Die beskermbare belang is aan beide kante enorm. Die totale monetêre waarde verbonde aan die eise van 18 300 eisers beloop gemiddeld R250 000 per eiser. Mense vra die vraag of hulle goeie geld agter slegte geld gooi, en die eenvoudige antwoord daarop is "Nee!".

Daar is baie belangrike voordele wat die HSAG-saak onderskei van enige ander saak, 'n paar daarvan is:

- In teenstelling met wat Mnr. Nic Georgiou sê, is hy en sy gesin besonder ryk. Dit beteken dat, indien 'n vonnis teen hulle verkry word, hulle die middels het om so 'n uitspraak, of ten minste 'n aansienlike gedeelte daarvan, te bevredig;
- Mnr. Nic Georgiou word daarvan beskuldig dat hy R3,2 miljard van 'n prokureur se trustrekening ontvang sonder om waarde daaraan te gee. Dit beteken dat daar 'n papierroete moet wees vir wie die geld betaal is en hoe dit bestee is;
- 'n Derde groot voordeel is dat daar potensieel 18 300 eisers is wat die saak finansiëel teen die teenstanders kan bestuur (aan die ander kant van die munt is die groot meerderheid van hierdie mense bejaarde mense wat 'n aansienlike bedrag van hul lewensredders belê het in die HS maatskappye.);
- Die onderwerp van die klasaksie is onroerende eiendom. Dit beteken dat elke eiendom opgespoor kan word vanaf die toepaslike datum van oorsaak van aksie tot die dag van uitspraak deur die Hof;
- Mnr. Georgiou en ander het gebruik gemaak van regspersone wat geregleer en onderworpe is aan streng nakoming en verordenings (bv. Publieke maatskappye met prospektusse). Oortredings hiervan kan ernstige misdrywe en verrigtinge tot gevolg hê.

Opvraging vir regskostes was vanaf 2016 gedoen en daarna jaarliks. Alhoewel die oorgrote meerderheid van lede verstaan dat die saak namens en ten behoeve van hulle gedryf word, is daar ongelukkig daar 'n groot aantal lede wat nog steeds nie kan of wil bydra tot hulle eie saak nie.

Dit plaas 'n verdere finansiële las op die ander lede en verál die regspan. Weens die beduidende aantal lede wat nie hul kant oor tyd gebring het nie, kan daar moontlik op 'n meer gereelde basis opvragings gedoen word maar gelukkig kon die koste-opvragings nominaal gehou word.

Baie dankie aan elke HSAG-lid wat tot op datum hiervan getrou hul bydraes tot die klas-aksie maak. Die lewensbloed van die HSAG is die reg op toegang tot die howe met regsverteenvoording plus die jaarlikse bydraes wat lede en ondersteuners maak. Die HSAG se opponente, aan die ander kant, wie met miljarde rande van beleggers se hardverdiende geld sit, sal egter alles in hul vermoë doen om te keer dat 'n geregshof 'n beslissing oor die terugbetaling van die gelde maak.

Tot dusver het die HSAG 100% sukses in die Howe gehad waar die Howe al in meer as 15 Aansoeke moes besluit oor die meriete van sake. Dit opsigself behoort genoeg te wees om belegger te motiveer om hul eie saak te ondersteun.

Daar word uiters versigtig gewerk met die ledebydraes wat ontvang word. Alle fondse word in 'n aparte trustrekening betaal vir onder andere regskoste, uitgawes en die administrasie van die HSAG, welke groep uit ongeveer 7 000 individue bestaan.

Hierdie rekening word behoorlik geoudit deur onafhanklike ouditeurs.

Indien u agterstallig is met u registrasie- en regs-koste versoek ons u om dit so spoedig as moontlik op datum te bring ten einde die HSAG-prokureurs en regs-span in staat te stel om die saak namens u te dryf.

Die HSBF poog voortdurend om beleggers te ontmoedig om enkele duisende rande by te dra tot die klas-aksie. Die feit van die saak egter is dat die prokureurs slegs ten volle vir dienste betaal is tot en met Maart 2015.

**Registrasie-, administrasie- en regs-koste is van tyd tot tyd betaalbaar en is nie terugbetaalbaar nie.**

**Die bestuur het besluit om die kostes vir 2018 R2 000 per persoon te hou, en sal die nuutste opvraging op u staat verskyn.**

## **9. 2018 HSAG-INLIGTINGSESSIES**

Die HSAG-bestuur het die sukses van die inligtingsessies opgeweeg teen die kostes daarvan, en is daar besluit dat daar wel beperkte inligtingsessies gedurende 2018 gehou sal word.

Aangesien die HSAG-bestuur gedurende die week van 8 Mei 2018 in Bloemfontein gaan wees vir die argumentering van die Appèlle, is daar tydens 'n HSAG-bestuursvergadering besluit dat daar op Woensdag, 9 Mei 2018 'n Inligtingsessie in Bloemfontein gehou sal word.

Indien u sou belangstel om die inligtingsessie in Bloemfontein by te woon, wil ons u vriendelik versoek op 'n e-pos met u volle name, van en identiteitsnommer te stuur na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) ten einde u naam op 'n registerlys te voeg.

Verdere besonderhede rakende die tyd en lokaal sal teen middel April 2018 aan alle HSAG-lede uitgestuur word.

Hou gerus ons webblad dop vir inligting met betrekking tot 2018 HSAG-Inligtingsessies in u provinsie.

## **10. DIE HUIDIGE STAND VAN SAKE**

Die HSAG-regs-span en advokatuur is tans besig om voor te berei vir die Appèlle wat op 8 Mei 2018 in die Hoogste Hof van Appel (HHA) aangehoor gaan word.

In terme van die Aanwysings wat deur die President van die HHA uitgereik is, moes die Appellante hul Hoofde van Betoë voor of op 16 Maart 2018 beteken en geliasseer het waarna die HSAG se Hoofde van Betoog op 23 Maart 2018 beteken en geliasseer moet word.

Ons bevestig dat die HSAG-regspan reeds al die Appellante se Hoofde van Betoë ontvang het en dat ons reeds die HSAG se Hoofde van Betoë beteken en geliasseer het. Afskrifte van al die partye se Betoë op ons webblad geplaas word.

Soos voorheen vermeld, moet die Hoogste Hof van Appèl te Bloemfontein op 8 Mei 2018 die belangrike regspraak oorweeg of 'n Nominale Applikant (dus 'n belegger wat slegs 'n "plekhouer" is, en wie duisende ander beleggers verteenwoordig) in 'n klas-aksie uit eie beweging sodanige aansoek om 'n klas-aksie te sertifiseer, asook die aansoek om Orthotouch se Reëlinskema tersyde te stel, kan terugtrek.

Bovermelde regspraak was nog nooit voorheen in die Suid-Afrikaanse reg oorweeg nie, en sal die HHA se beslissing daaromtrent geweldige verreikende gevolge vir klas-aksies in die toekoms inhou.

Die voordeel van 'n HHA uitspraak sal egter wees om by 'n klas-aksie te verhoed dat 'n gewetenlose Respondent in 'n posisie kan wees om korrumpente Applikante om te koop om die saak terug te trek.

Indien die HHA vasstaan agter Regters Ismail en Murphy van die Gautengse Hooggeregshofbeslissing, sal die HSAG onverpoosd kan voortgaan met die aansoek om die Reëlinskema tersyde te stel en die aansoek om die klas-aksie te sertifiseer.

## **11. LAAT- AANSOEKE VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG**

Laat-aansoeke sal op 'n streng *ad hoc* basis oorweeg word. Die registrasievorms is op die webtuiste by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za), beskikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) stuur om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooides registrasievorms moet aan [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) gestuur word.

## **12. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG**

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaats vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

1. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staats verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en / of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staats verskyn:
2. 'n Eenmalige registrasiekoste van R1 000 per sindikasie was ook gehef en sal op u staats verskyn.
3. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 per sindikasie.
4. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak;

5. Daar sal in Februarie 2018/Maart 2018 'n verdere opvraging tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak word.
6. Indien 'n staat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf, of rig 'n versoek aan ons daarvoor per e-pos by [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com)
7. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:
  - a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.
  - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op "Survey Monkey", wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word, ten einde u inligting op datum te bring, of stuur vir ons 'n e-pos na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com)
8. Kliek asseblief op die e-pos skakel aan die einde van hierdie nuusbrieff om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
9. Weens die voortdurende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
10. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik gedurende 'n maand) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
11. Indien daar enige uitstaande bedrae is, word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede wie se registrasiekostes steeds agterstallig is, loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort gaan word.
12. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
13. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvoggig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
14. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG Klas-aksie nie moontlik sou wees nie.
15. Indien u u ondersteuning en lidmaatskap van die HSAG wil staak, moet u 'n e-pos stuur na [hsagregister@gmail.com](mailto:hsagregister@gmail.com) stuur waarna die proses van onttrekking aan u verduidelik sal word. Geen uitsonderings sal gemaak word nie.
16. U kan verseker staatmaak op die onverdeelde en lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.

17. Enige spesifieke navrae kan aan [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) gerig word.

**Vriendelike groete**

**HSAG-Bestuurskomitee**

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

**[hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com)**

